Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(Noord Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 122/02
Datum verhoor: 24 Feb 2003
Datum gelewer: 24 Feb 2003

In die appél van:

**PETRUS PIENAAR** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* LACOCK R

# UITSPRAAK OP APPéL

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant kom in hoër beroep teen sy skuldigbevinding en vonnis. Hy is na 'n verhoor in die landdroshof skuldig bevind op 'n aanklag van diefstal van 2 stoele ter waarde van R500.00 en die verrigtinge is daarna gestaak en die aangeleentheid verwys na die streekhof vir vonnis ingevolge die bepalings vervat in art 116(1)(b) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977.

2. Die appellant is toe daarna in die streekhof gevonnis tot 4 jaar gevangenisstraf.

3. Die appellant, wat regsverteenwoordig was tydens sy verhoor, het onskuldig gepleit en sy swygreg uitgeoefen ten aansien van 'n pleitverduideliking. Die Staat het die getuienis gelei van inspekteur Duncan Vertue van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) te Kimberley. Hy het getuig dat op die datum van die voorval hy 'n

telefoniese klagte ontvang het van diefstal komende van 'n mnr Schoeman van die *Horseshoe Motel* ("*die motel*"). Die klagte was tot die effek dat mnr Schoeman 'n persoon gesien het wat een van die stoele gedra het wat behoort aan die motel. Meneer Vertue se getuienis verder is dat hy mnr Schoeman ontmoet het by 'n padstal te Memorialweg, dit is die pad wat uitgaan na Kaapstad. Daar het mnr Schoeman 'n persoon (wat later blyk die appellant te wees) uitgewys en inspekteur Vertue, vergesel van die appellant, is na die padstalletjie waar hulle onder 'n seil twee stoele gevind het. Dié stoele het mnr Schoeman uitgeken as die eiendom van die motel. In kruisondervraging het dit geblyk dat die appellant se verweer is dat dié stoele *res derelictae* was aangesien hy dit geabandoneer gevind het by die begraafplaas langsaan Memorialweg waar hy (die appellant) werksaam

was. Volgens die appellant se weergawe soos gestel in kruisondervraging, sou dié stoele in 'n stukkende toestand gewees het en was dit sy voorneme om die eienaar van die padstalletjie waar die stoele later gevind was te versoek om dit vir hom te herstel. Inspekteur Vertue was die mening toegedaan dat dié stoele in 'n goeie toestand was.

4. Meneer Wilhelm Lourens Schoeman, die eienaar van die motel, het daarna getuig dat hy op die dag van die voorval op pad was uit die middestad na die motel op Memorialweg toe hy 'n persoon aan die regterkant van die pad sien stap het met 'n stoel wat mnr. Schoeman uitgeken het as die eiendom van die motel. Hy het stilgehou en die persoon dopgehou en opgemerk hoe hy die stoel onder 'n seil by 'n padstalletjie versteek. Meneer Schoeman het die SAPD in kennis gestel en het verder

bevestig dat hy en insp. Vertue in die teenwoordigheid van die beskuldigde 2 van die motel se stoele onder die seil aangetref het. Meneer Schoeman was absoluut seker daarvan dat die stoele die eiendom is van die motel en dat dit nog in 'n baie goeie toestand was en nie in 'n haglike toestand soos wat die appellant dit wou hÍ onder kruisondervraging nie.

5. Die appellant self het ook getuig en sy weergawe was dat hy by die begraafplaas langsaan Memorialweg gewerk het as 'n arbeider op daardie stadium. Hy het, terwyl hy besig was om te skoffel daar, 2 stoele onder 'n boom opgemerk. Die stoele was half stukkend en hy het dit geneem na 'n man wat hy ken by die padstal daar naby en aan hierdie man gevra om dit vir hom te herstel. Op instruksies van hierdie man het hy albei stoele onder die seil by die padstal gebÍre. Hy bevestig dat hy later gearresteer is en

dat in die teenwoordigheid van insp. Vertue en mnr. Schoeman die stoele ontdek is daar onder die seil.

6. Die landdros het die staatsgetuies as geloofwaardig aangemerk en hulle weergawes aanvaar en dié van die appellant aan die ander kant verwerp as vals bo redelike twyfel. Me Bester, wat namens die appellant voor ons verskyn het, het halfhartig aangevoer dat die appellant se weergawe dat hierdie geabandoneerde stoele was wat hy ontdek het in die begraafplaas, redelik moontlik waar kan wees aangesien 'n groot aantal mense volgens mnr. Schoeman geredelik toegang tot die konferensiesaal waar die stoele geberg word, toegang het. Sy het nie die geloofwaardigheidsbevindinge van die landdros hoegenaamd aangeval nie. In elk geval is die beperkte bevoegdhede van 'n Hof van Appél om in te meng met geloofwaardigheidsbevindinge van die *Hof a quo*, nou

alreeds welbekend.

7. Wanneer die getuienis op die oorkonde voor ons nou beoordeel word met aanvaarding van die landdros se geloofwaardigheidsbevindinge, dan meen ek dat dit oorvloediglik bewese is dat die appellant homself skuldig gemaak het aan diefstal. Selfs op sy eie weergawe, naamlik dat hy die stoele aan homself toegeëien het, terwyl hy deeglik bewus daarvan was dat dit die eiendom van iemand anders was, is hy skuldig aan diefstal. Ek meen egter dat die geleerde landdros tereg die appellant se weergawe verwerp het as vals bo redelike twyfel. Dit is deurspek met onwaarskynlikhede en was die appellant op 'n nalees van die oorkonde duidelik nie 'n bevredigende getuie nie. Die getuienis van die Staat aan die ander kant is baie meer waarskynlik, pas dit behoorlik in die prentjie in, inaggenome die

geloofwaardigheidsbevindinge van die landdros, moet aanvaar word dat die staatsgetuies die waarheid aan die hof vertel het. So gesien, dus is ek die mening toegedaan dat daar absoluut geen meriete op appél teen skuldigbevinding is nie en is die appellant na my mening behoorlik skuldig bevind aan diefstal.

8. Wat vonnis aanbetref, het me Bester groot klem gelÍ daarop dat die waarde van die 2 stoele slegs ongeveer R500.00 is. Met verwysing na sekere gewysdes het sy aan die hand gedoen dat die streeklanddros wat die vonnis van 4 jaar gevangenisstraf opgelÍ het, die bepaalde aspek van die waarde van die stoele buite die oog verloor het en heeltemal te veel klem gelÍ het op die appellant se vorige veroordelings.

9. Wat die appellant se persoonlike omstandighede

aanbetref blyk dit uit die oorkonde dat hy getroud was met 2 kinders van 15 en 18 jaar oud. Soos alreeds aangedui hierin was hy ten tyde van die voorval werksaam as 'n algemene arbeider by die begraafplaas langs Memorialweg. Hy het maar standerd 2 op skool behaal. Wat egter van kardinale belang is in hierdie saak, is die appellant se *indrukwekkende* lys van vorige veroordelings. Hy het naamlik nie minder nie as 11 vorige veroordelings waarby 'n element van oneerlikheid betrokke is. Dit val dan ook nie vreemd op nie dat die appellant by meer as een geleentheid vantevore al by vonnisoplegging gewaarsku is dat hy as 'n gewoontemisdadiger verklaar mag word.

10. Die streeklanddros het by vonnisoplegging wel deeglik die aspek van die lae waarde van die stoele in ag geneem. Inteendeel, hy het in sy uitspraak te kenne gegee dat as

dit nie was vir die veelvuldige vorige veroordelings vir oneerlikheidsmisdrywe van die appellant nie, hy heel moontlik 'n vonnis anders as direkte gevangenisstraf sou oorweeg het. Ek meen dat die streeklanddros heeltemal tereg die appellant se kommerwekkende misdaadrekord as strafverswarende omstandigheid aangemerk het.

11. 'n Hof van appél kan met 'n vonnis inmeng slegs as daar 'n mistasting begaan is deur die vonnisoplegger, of as die vonnis skokkend onvanpas is. Verder moet 'n hof van appél ten aansien van vonnis in aanmerking neem dat hy slegs geregtig sal wees om in te meng met die vonnis as hy tevrede is dat die verhoorhof nie sy vonnisdiskresie redelik uitgeoefen het nie.

Sien in dié verband: **S v Matlala 2003(1)SASV 80 (HHA)** te 83 b-f.

12. Daar is nie sprake van enige mistastings in die oplegging van die vonnis in hierdie saak nie. Wat eerder hier gesuggereer word is dat die vonnis skokkend onvanpas is. Ek is die mening toegedaan dat dit nie die geval is hier nie – die appellant se indrukwekkende lys van vorige oneerlikheidsmisdrywe verg slegs een vonnis en dit is een van direkte gevangenisstraf. Ek meen nie dat die verhoorlanddros onredelik was in die uitoefening van sy diskresie wat vonnis aanbetref nie en is die vonnis van 4 jaar gevangenisstraf na my mening 'n ewewigtige gebalanseerde vonnis inaggenome die appellant se misdaadrekord.

13. **By gevolg word die appél van die hand gewys. Die appellant se skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.**

---------------------------------------------------

UITSPRAAK OP APPÉL : PIENAAR vs STAAT

_____________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**HJ LACOCK**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | ADV A BESTER |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV PSC CALITZ |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 24 FEBRUARIE 2003 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 24 FEBRUARIE 2003 |